

Maandag 18 Desember

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-15

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:4, 5

Christus gestuur om ons God se vrye kinders te maak

Jong kinders is op dieselfde vlak as werkers. Al mag hulle eendag alles erf, nou het hulle ewe min reg daarop. Boonop is kinders ewe gebonde aan reëls en regulasies.

Vaders/ouers het besluit wanneer kinders volwasse word. 'n Groot geleentheid. Romeine het dit as *liberalia*, vrywording gevier. 'n Griekse seun het 'n *epoba* geword, 'n kwekeling onder staatsopleiding. Vir Joodse seuns was en is dit *bar* (seun) *mitzvah* (van die wet). Voortaan self verantwoordelik vir wetsonderhouding.

Teen hierdie agtergrond verduidelik Paulus aan die Galasiërs: Toe die tyd van God die Vader se eeulange voorbereiding vol was, het Hy sy Seun vir die bevryding van sy kinders gestuur. Christus, self God, het nou sy Seun geword, soos Psalm 2:7 al voorsien het en Matteus 3:17 en Handeling 13:33 verduidelik. Gebore uit Maria, het Hy ook 'n mens geword. Van sy geboorte af het Hy God se wet gehoorsaam. So het ons Vader self ons Bevryder beskik wat aan al sy vereistes voldoen (HK v/a 15). Hy het alles om ons, ook God se kinders wat onder die wet was, verlos.

Hierdie woord is so mooi. Soos iemand wat na 'n slawemark gaan en onderhandel om 'n slaaf te koop. Hom/haar dan uitlei en vrylaat. Dís waarvoor Christus gekom het.

Nou skryf Paulus dat 'n jong kind in 'n huis niks beter af was as die slawe in die huis nie. Almal was onder reëls en regulasies. Niemand was vry nie. Maar toe Christus kom, het Hy hulle vryheid gekoop. Hulle tot kinders verklaar. Statusverandering. Vry om hulle erflating te ontvang en geniet.

Sing: Psalm 2:4, 6

Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)